Koue Bokkeveld Opleidingsentrum

Leerders visie en toekoms- Die Proses

Die Proses begin van graad 9 tot graad 12. Die doel van die program is om met leerders ‘n pad te stap sodat hulle in die regte keuses maak asook die loopbane vervul wat by hulle as ‘n individu pas.

Die 9 Proses: **R 950 per leerder: September skoolvakansie**

- Persoonlikheidstoets: Hierdie uitslae help die leerders om reeds in graad 10 die regte vakkeuses te maak sodoende om liefde vir skool te verseker en na skool in die regte studie rigting te kan gaan. Leerders ontvang ‘n volledige verslag.
- RootSkills dag: ‘n Lewensvaardigheid dag. Die doel van RootSkills is om fondasie van waardes wat veronderstel is om by die huis geleer te word (wat nie gebeur nie) vas te lê deur middel van leerervaring metode en interaktiewe spel.

Die 10 Proses: **R350 per leerder- 25 September**

Die graad 10’s gaan op ‘n uitstappie na die gevangenis, Toevlug rehabilitasie sentrum en Kleinplasie. Die doel van die uitstappie is om aan leerders te wys wat die gevolge is van verkeerde besluite. Dieselfde portuurgroep vertel ook hulle lewensverhale vir die leerders. Hierdie uitstappie het ‘n baie ‘harde’ en indrukwekkende impak op die leerders. Tydens die Kleinplasie besoek geniet ons middagete en gesels oor wat die leerders beleef het (Debriefing).

Die 11 Proses: R 1450 per leerder- 20-22 September by Boy Muller

Met die graad 11 leerders fokus ons baie op loopbaanbeplannings. Hierdie leerders skakel in by die volgende:

- CV samestelling
- Onderhoud voorbereiding
- Beroepstoetse: Leerders ontvang ook ‘n volledige verslag
- Leierskapontwikkelingskamp

12 Proses: Gratis
Leerders word in graad 12 opgevolg oor wat hulle planne is vir na skool en hulp word verleen met hierdie proses.